# Gebedsbulletin
# No. 33 van 2024
## 18 August 2024

Geloofsfamilie Vaalpark NG Kerk

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Christus definieer ons lewe, nie ons probleme nie

Sommiges dink dit is God se voltydse werk om hulle deur al wat 'n storm is te kry. Dit voel altans so, as jy na baie plasings op sosiale media kyk. Of as jy luister na sommige gesprekke en preke luister, wat wemel van opmerkings oor al die storms, wat God namens ons aandurf … of al die reuse, wat Hy vir ons verslaan … of al die moeilikhede, wat Hy oplos. Dit voel kompleet asof vele hulle lewe slegs verstaan in terme van aanslae en moeilikhede en dat hulle God beskou as hulle voltydse persoonlike probleemuitsorteerder.

Voordat jy my verkeerd verstaan - God is ons Helper. Ons moet Hom aanroep in die dag van nood, soos wat Psalm 50 onder andere leer. Maar dit beteken nie die lewe is net een groot krisis nie. Of dat ons voltyds onder aanslag is nie. Ons mag nie ons lewe omraam in terme van die krisisse, wat ons soms moet deurworstel, of die moeilikhede, wat ons partykeer in die oog staar nie. Die Bybel leer ons dat ons identiteit orals en in Christus gesetel is. Hy is ons lewe, soos wat Paulus in Filippense 1 en Kolossense 3 skryf. Om dit te weet, is om genoeg oor ons lewe te weet. Dit is om te weet ons leef vír Christus en sáám met Christus. Hy definieer ons lewe. Ons hou ons oog op Jesus, nie op ons omstandighede of moeilikhede nie.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Tannie Bets Coetzee
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Adolf Wolmarans
Adri Botha
Marthie Jooste
Allison Vorster
Ansie Harrison
Jurie Matthee
Johan Zulch
Pieter Voight
Natasha Stolz




*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*

**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in